

**3 September**

**Jeremia 13;**

**Handelinge 20:28-30**

**en Johannes 10:1 -11 (Teks: 13:15 -17) Luister na die stem van die Goeie Herder**

'n Hoogmoedige mens luister nie graag nie. Israel se hoogmoed bring mee dat hulle nie meer na die Here luister nie. Jeremia waarsku: as hulle nie na hul Herder luister nie, sal hulle soos 'n kudde in die veld deur die nag oorval word. Vir die volk was dit vyf voor twaalf, maar hulle luister eerder na valse profete wat sê: "alles is reg". So dwaal hulle al verder van die Here af weg. Hulle Herder se stem begin vreemd word al preek die profeet nog. Hoogmoedig leef hulle asof hulle nie 'n Herder nodig het nie.

Kyk na jouself. Leef jy asof jy nie 'n Herder nodig het nie? Sonder 'n Herder bring jou sonde jou binne bereik van doodsgeware en die Satan wat jou soos 'n leeu wil verslind. Deur Christus is jy deel van sy kudde. Hy is die Goeie Herder wat jou elke dag lei en versorg.

Hoor jy die besorgde stem van die Herder? Hoor jy hoe Hy jou liefderyk, vertroos, vermaan en bemoedig? Hy doen dit in die prediking, katekisasie, huisbesoeke, huisgodsdienste en persoonlike Bybelstudie. Het jy te besig geword? Dalk hoor jy, maar *luister* jy? Is jy nie in jou hoogmoed met jouself méér besig as met die Here nie? Die nag sal jou oorval! Dis dan wanneer die Here benouing oor jou, jou huis, sy kerk of oor 'n land bring.

Luister na sy Woord! Dan maak die Gees jou gehoorsaam aan jou Herder. Dan leef jy waaksaam op die dag van die Here wat skielik sal kom!

Sing Psalm 89:6, Psalm 95:4 Ds. B.C.G. Fourie (Kameeldrift)